DEPARTMENT OF EDUCATION

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

LEFAPHA LA THUTO

ISEBE LEZEMFUNDO

# NAMAKWA DISTRIK

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## TAAK 8: HALFJAARLIKSE EKSAMEN 2015

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: Opsomming | (10) |
| AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: 50 minute
AFDELING B: 30 minute
AFDELING C: 40 minute

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg

**TEKS 1: ARTIKEL**

## Wat het ons in verhoudings nodig om gelukkig te wees?



1 Geluk is ŉ baie abstrakte konsep. Die antwoorde op die vraag "wat maak jou gelukkig" sal verskil aangesien ons almal verskillende waarde en voorwaardes aan geluk heg. Ons wil dit nie altyd erken nie, maar al ons verhoudings is egter behoefte gedrewe. Ons sal nie met iemand in ŉ verhouding tree, hetsy romanties, vriendskaplik of professioneel as ons behoeftes nie daardeur aangespreek word nie. Alle mense het fisiese, kognitiewe, emosionele, sosiale en geestelike behoeftes. Wat ons presies nodig het sal egter van mens tot mens verskil.

2 Ons wil tog almal as mense veilig voel. Vir ŉ persoon om veilig binne ŉ verhouding te voel, is daar liefde, respek, vertroue en effektiewe kommunikasie nodig. Dit is die basis waarop al die ander behoeftes gesteun kan word. Om werklik gelukkig in ŉ verhouding te wees, het ons onvoorwaardelike liefde en aanvaarding nodig. Dit is egter baie makliker gesê as gedaan. Dit raak soms moeilik om jou maat onvoorwaardelik lief te hê en te aanvaar, maar indien dit wel plaasvind, is dit wonderlik.

3 Jy het tog jou maat gekies met sy/haar unieke karaktereienskappe. Ons moet leer om mekaar lief te hê, selfs die slegte dele van ons maat. Ons moet vir mekaar liefde wys op die maniere wat vir ons belangrik is. Wanneer jy jou maat se liefdestaal verstaan en praat, word mens se emosionele emmer sommer vinnig vol gemaak. Ons almal het fisiese aanraking, opbouende woorde, kwaliteittyd, diensbaarheid en geskenke nodig. Ek beskou dit as die water wat ons "verhoudingsplantjie" laat groei.

4 **Vertroue** en **respek** is twee aspekte wat baie lank vat om te bou, en baie vinnig verbreek kan word. Wanneer jy nie jou maat vertrou nie, is dit moeilik om gelukkig in die verhouding te wees. Kan vertroue herstel word? Dit kan definitief herstel word. Jy moet egter die keuse maak om jou maat weer te vertrou. ŉ Mens kan nie in ŉ verhouding bly en jou maat elke dag straf vir foute wat gemaak is nie. Hier speel vergifnis ŉ belangrike rol. Om jou maat te vergewe beteken nie jy keur goed wat gebeur het nie, maar dat jy kies om nie meer daaraan vas te hou nie.

5 Die volgende aspek wat noodsaaklik is vir paartjies om gelukkig te wees is gesonde en effektiewe kommunikasie. Ons moet leer om mekaar te verstaan en hoe om te luister. Dit voel soms vir my asof mense vir mekaar luister met die doel om te verdedig, nie met die doel om te verstaan nie. Ons is heeltyd op ons agterpote en om reg te wees word belangriker as om mekaar lief te hê. Gesonde en effektiewe kommunikasie is 'n belangrike, praktiese vaardigheid wat ons moet leer ten einde effektief behoeftes, emosies, ervarings en denke te kan deel met ons maat. Effektiewe kommunikasie is nie maklik nie en kom ook nie natuurlik vir die meeste van ons nie, maar kan geoefen word en kan 'n groot verskil maak in jou en jou maat se geluk.

6 Wanneer jy gesonde en effektiewe kommunikasie in jou verhouding het, maak dit al die uitdagings makliker. Dit beteken nie dat 'n mens nie konflik sal hê nie, want dit is natuurlik dat ons nie oor alles sal saamstem nie. Dit beteken dat indien daar 'n meningsverskil is, ons dit kan uitsorteer sonder om mekaar emosioneel of verbaal aan te rand.

7 Wanneer ons in 'n verhouding is, beteken dit nie dat ons nie steeds individuele behoeftes en doelstellings het nie. Ons wil steeds sekere persoonlike doelstellings vervul en ons het nodig om onsself steeds lief te hê. Maak tyd vir jouself in jou verhouding. Doen steeds takies wat vir jou lekker is. Onthou dat jy ook daarvoor verantwoordelik is om jou eie emosionele emmertjie vol te maak. Net soos wat kwaliteittyd belangrik is vir die geluk tussen jou en jou maat, is kwaliteittyd vir jouself ook belangrik.

8 **ONTHOU**: 'n Gelukkige persoon maak 'n gelukkig maat.

[Bron: aangepas uit *Vita Nova,* 18 Julie 2014]

1.1 Wat beteken: "Geluk is 'n baie **abstrakte** konsep" in paragraaf 1? (1)

1.2 Waarom sal almal nie dieselfde antwoord op die vraag "wat maak jou gelukkig" hê nie? (paragraaf 1) (1)

1.3 Gee EEN rede waarom mense se verhoudings behoefte gedrewe is. (1)

1.4 Skryf 'n GEDEELTE VAN 'n SIN uit paragraaf 2 neer om die vraag in die titel te beantwoord. (1)

1.5 Wat impliseer die skrywer van hierdie artikel as hy sê "Ons moet leer om mekaar lief te hê, selfs die slegte dele van ons maat"? (paragraaf 3) (1)

1.6 Waarop dui die mense se "emosionele emmer"? (paragraaf 3) (1)

1.7.1 Verklaar die uitdrukking "water wat ons 'verhoudingsplantjie' laat groei" in paragraaf 3? (1)

1.7.2 EEN van die items in 'n mens se emosionele emmer (paragraaf 3) is konkreet. Skryf dit neer. (1)

1.8 Waarom dink jy het die skrywer van die artikel die woorde "**Vertroue**" en "**respek**" in paragraaf 4 vetgedruk? (1)

1.9 "Vertroue kan definitief herstel word" (paragraaf 4)

Is die stelling wat die skrywer maak 'n mening of 'n feit? Motiveer. (1)

1.10 Waarom speel vergifnis volgens die skrywer 'n belangrike rol in 'n verhouding? (1)

1.11 Noem TWEE pilare waarop gesonde en effektiewe kommunikasie berus. (paragraaf 5) (2)

1.12 Dui die kontras in die mening van die skrywer aan. (2)

1.13 Wat beteken die uitdrukking "op ons agterpote"? (paragraaf 5) (1)

1.14 Wat veroorsaak dat uitdagings makliker is? (paragraaf 6) (1)

1.15 Waarom moet jy kwaliteittyd aan jouself afstaan? (1)

1.16 Verklaar waarom die woord "ONTHOU" in hoofletters geskryf is. (paragraaf 8) (1)

**EN**

**TEKS 2: SPOTPRENT**




[Bron: Internet]

1.17 Waar bevind die karakters hulle? (1)

1.18 Watter verband is daar tussen die twee karakters? (1)

1.19 Motiveer die antwoord in 1.18 (1)

1.20 Wat dink jy het tussen die twee karakters gebeur? (1)

1.21 Waarom sê jy so? (1)

1.22 Watter emosie ervaar die karakters? (1)

1.23 Dui die ironie in die spotprent aan. (2)

1.24 Watter verband is daar tussen Teks 1 en Teks 2? (1)

1.25 Gee ŉ gepaste idioom waarin die woord **bruid** voorkom wat by die spotprenttekenaar se boodskap sal aansluit. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING 2: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

1. Lees die teks hieronder en maak ŉ opsomming van **SEWE probleme wat tieners in hulle lewens ondervind.**
2. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ŉ titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.




Namate kinders ouer word, verminder hulle ouers se invloed en begin hul maats se invloed toeneem. Volgens kenners kan baie van die probleme wat tieners ervaar, aan die interaksie tussen tieners gekoppel word.

Portuurgroepe beïnvloed soms die meeste aspekte van tieners se lewens negatief, insluitende hoe hulle aantrek, na watter musiek hulle luister en by

watter soort aktiwiteite hulle betrokke raak.

Negatiewe groepsdruk vind plaas wanneer tieners onder druk verkeer om iets te doen wat hulle weet verkeerd is, soos dwelmgebruik, onveilige seks, diefstal of iets wat hulle nie wil doen nie. Tieners gee in vir negatiewe groepsdruk omdat hulle graag gewild wil wees of wil inpas of omdat hulle bang is om gespot te word.

Vriende moet egter nie die spil wees waarom tieners se lewens draai nie. As jou identiteit afhang van hoe gewild en aanvaarbaar jy vir vriende is, gaan jy gereeld jou standaarde moet verander om by al jou vriende in te pas. Kenners maan tieners om nie toe te laat dat vriende hul lewenstandaarde bepaal nie.

"Persepsies wat 'n mens oor jouself het, is soos ŉ bril waardeur jy elke dag na die wêreld kyk," sê Mariana. "As jy verkeerde persepsies oor jouself of oor die wêreld het, is dit soos ŉ bril met verkeerde voorskriflense wat jy elke dag opsit — alles is uit fokus. Volgens Mariana draai negatiewe persepsies by tieners gewoonlik om voorkoms, prestasies, finansiële welstand en persoonlikheid.

Tieners gaan ook meestal gebuk onder simptome soos gewigsverlies of –toename, wanneer hulle juis so sensitief is oor hulle voorkoms. ŉ Matige oefenprogram en gesonde eetgewoontes sal hulle gewig onder beheer hou.

Volgens kenners druk tieners depressie dikwels uit op maniere wat ons nie normaalweg met depressie assosieer nie. Simptome soos woede, vyandigheid en fisieke pyn (soos maagpyn en kopsere) is slegs ŉ paar van die simptome wat mense dikwels miskyk of nie met depressie assosieer nie.

Volgens Tamara word die begrip selfbeeld gebruik om die algemene persepsie wat ŉ persoon oor hom- of haarself het, te beskryf. "As tieners 'n negatiewe selfbeeld het, sal hulle oortuigings oor hulself oor die algemeen negatief wees."


[Bron: aangepas uit Vrouekeur, 5 Desember 2014]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Internet]

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Skryf die sin in reël 1 en 2 in die ontkenning. | (1) |
| 3.2 | Skryf die sin in reël 3 in die aktief/bedrywende vorm oor. | (1) |
| 3.3 | Verklaar die koppeltekens in die woord in reël 4. | (1) |
| 3.4 | Vorm ŉ werkwoord met die woord **water**. | (1) |
| 3.5 | Waarna verwys die woord **Oasis** in reël 6 gewoonlik? | (1) |
| 3.6 | Skryf die stam van die woord wat tussen aanhalingstekens in reël 7 geplaas is, neer. | (1) |
| 3.7 | Gee die samestelling van die woord tussen hakies in reël 11. | (1) |
| 3.8 | Skryf reël 19 voluit. | (1) |
| 3.9 | Benoem die item in reël 23? | (1) |
| 3.10 | Hoe sluit die visuele teks by die geskrewe teks aan? | (1) [10] |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Internet]

4.1 Voltooi die vraagsin in raampie 1. (1)

4.2 Skryf die sin in raampie 2 oor deur die tweede voegwoord **en** met **terwyl** te vervang. (2)

4.3.1 Kies die korrekte woord.

Die woord "*BING*" in raampie 1 en 2 is 'n voorbeeld van ...

A metafoor
B vergelyking
C ironie
D klanknabootsing (1)

4.3.2 Waarna verwys die woord "*BING*" in raampie 1 en 2? Gee slegs een woord. (1)

4.4 Skryf slegs die lettergreep in die woord **boodskap** in raampie 2 neer wat die hoofklem dra. (1)

4.5 Skryf die sin in raampie 3 in die indirekte rede. Begin jou antwoord met: Die meisie sê ... (1)

4.6 Skryf die sin in die verlede tyd.

Sy boodskap beïndruk haar nie. (1)

4.7 Wat impliseer die meisie met haar woorde in raampie 2 en 3? (1)

4.8 Waarmee spot die spotprenttekenaar? (1)
[10]

**VRAAG 5: PROSA** **150 -200 woorde**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## KRAGDRAAD

Ek trek in ŉ huis in met ŉ kragomheining. Ek sluit die skuifhek met die ketting en slot een aand en wonder of hierdie heining regtig werk en vat aan die draad. Ek toets die krag.

Keerhomkiekeesis...! **Die krag toets my**!

Dit smaak my iemand slaan my met ŉ hamer voor die kop - ek sien net krismisbome en blitse. Elke voet en been probeer wegkom in sy eie rigting. Ek hoor ŉ applous van ŉ skare waar daar nie eers ŉ konsert bestaan nie – ek **dog** die Bokke het ŉ drie gedruk!

Die snot hang tot by my ken, dit smaak my my toonnaels lê oorkant die pad. My (**elmboog)** het nie velle nie. My kop het ŉ knop maar ek het nie eers geval nie. Ek voel soos ŉ verkleurmannetjie - my oë het elkeen gekyk net waar hul wil. My ore is so groot soos twee perlemoenskulpe, maar ek hoor niks nie. Dit sing soos ŉ **eskader sonbesies** in my oor.

Dit is nou amper twee weke gelede en met tye ruk my voete nog steeds soos ŉ ou Bulldog Lantz trekker in **reverse gear** – probeer wegkom van iets baie gevaarlik. Ek is te bang om die lig **aan te sit.** Die Jockey Junior moes ek weggooi ... Omo het **liederlik** gefaal.

Asb., as ŉ draad sê “DANGER”, "GEVAAR" ... Pasop! Moenie jou *luck try* nie. Luister, jy is nooit te oud om te leer nie! evkom sit nie alles af nie.

[Bron: Internet]

5.1 Herskryf die onderstreepte sin in reël 4 in ander woorde sodat die betekenis duideliker word. (1)

5.2 Gee die metamorfeem van die onderstreepte woord in reël 7. (1)

5.3 Gee die meervoud van die woord tussen hakies in reël 10. (1)

5.4 Maak ŉ sin met die homoniem van maar. (reël 10) (1)

5.5 Die versamelnaam in reël 13 is ongewoon gebruik. Gee die korrekte gebruik daarvan. (1)

5.6 Gee die korrekte Afrikaanse woord vir die onderstreepte Engelse woorde in reël 15. (1)

5.7 Verbeter die sin in reël 16 deur die korrekte infinitief te gebruik. Skryf die sin voluit. (1)

5.8 Skryf die wisselvorm van die onderstreepte woord in reël 17 neer. (1)

5.9 Skryf ʼn bevelsin uit reël 18-19 neer. (1)

5.10 Gee die korrekte vorm van die akroniem in reël 19. (1)
[10]

**TOTAAL AFDELING C: 30**